# <u>SESSIE 1</u>

## WOORDSOORTE –

**Hoe kan ek dit makliker en interessanter aanbied in die JUNIOR PRIMÊRE FASE ? (GRADE 1-3)**






**Deur Heidie Labuschagne**

**Woordsoorte woeker en woel in sinne…**


A B C D E
Woordsoorte
...



**Hier kuier ons lekker saam, ons luister, ruil gedagtes en idees uit en sodoende leer ons meer en van mekaar.**

# KOM ONS SING…

**Woordsoorte, woordsoorte, woorde moet ons leer,**

**Hier is een, daar is een en so raak dit net meer,**


**Ons gaan leer,**

**Ons probeer,**

**Oor en oor weer saam,**

**Gee tog kans, help mekaar, tot ons almal verstaan.**
***(Jingle bells)***





# Wat sê die sillabus?

## AFRIKAANS EERSTE TAAL/MOEDERTAAL



## GRAAD 1

**GEBRUIK**

* Selfstandige naamwoorde

Soortname & Eiename

* Byvoeglike naamwoorde

* Werkwoorde

* Voornaamwoorde

&

Besitlike voornaamwoorde

- Voorsetsels
- *(die aanleer van die verskillende terme is nie op dié stadium van belang nie)*

## GRAAD 2

**IDENTIFISEER, BENOEM EN GEBRUIK**

* Selfstandige naamwoorde

&

Eiename

* Byvoeglike naamwoorde

* Werkwoorde

* Voornaamwoorde

&

Besitlike voornaamwoorde

* Voorsetsels

## GRAAD 3

**IDENTIFISEER, BENOEM EN GEBRUIK**

* Selfstandige naamwoorde

Telbare & ontelbare versamelname

* Byvoeglike naamwoorde

- Werkwoorde
- Bywoorde

* Voornaamwoorde

&

Besitlike voornaamwoorde

* Voorsetsels

# WAT SÊ DIE SILLABUS?

## AFRIKAANS TWEEDE TAAL



- **Selfstandige naamwoorde**
- (Soortname & eiename)
- Gr. 1 – (gebruik toevallig in spraak) Gr. 2 – (gebruik in spraak, lees en skryfwerk) Gr. 3 – (benoem en gebruik)
- **Voornaamwoorde**
- Gr. 1 – (gebruik in spraak) Gr. 2 – (gebruik in spraak en skryfwerk) Gr. 3 – (gebruik in spraak en skryfwerk)
- **Werkwoorde – (teenwoordige tyd, verlede tyd, toekomende tyd)**
- Gr. 1 – (gebruik in spraak) Gr. 2&3 – (gebruik in spraak en skryfwerk)

# SELFSTANDIGE NAAMWOORDE





# SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

## SOORTNAME

**(mense, plekke, diere, dinge)**

**<u>mense</u>**

seun, ouma, tannie, juffrou, dokter

**<u>plekke</u>**

plaas, dorp, rivier, dam, berg, stad

**<u>diere</u>**

perd, bok, leeu, hond, slang, padda

**<u>dinge</u>**

stoel, klip, boek, potlood, bord

## EIENAME

**(spesiale name van mense, plekke en diere)**

**Mense**

Bettie, Sarel, Mario, Lizel, Jaco, Lean

**Plekke**

Windhoek, Mariental, Otavi, Aranos

**Diere**

Rusty, Tinkie, Kietsie, Bronni, Snowie

## TELBARE EN ONTELBARE NAAMWOORDE

## VERSAMELNAME

**Telbare naamwoorde**

doppies, penne, klippe, blomme

**Ontelbare naamwoorde**

meel, water, sand, sout

**Versamelname**

’n trop skape, ’n swerm bye,

’n skool visse

# AKTIWITEITE…

- <u>SOORTNAME</u>: (Sollie Soortnaam)
- 1. Observasie-speletjie
- 2. SOLLIE Soortnaam sien iets.

  Wat? (Kan jy raai wat dit is?)
- 3. Bou sinne
- 4. Tydskrifte
- 5. Potjiekos, resep
- 6. Skattejag met snw.
- 7. Huiswerk - werksvel

- <u>EIENAME</u>: (Ellie Eienaam)
- 1. Eienaam-breinkaart
- 2. Leesstuk
- 3. Speletjie, Naam, Dorp, Land, ..
- <u>TELBARE EN ONTELBARE S.NWE.</u>:
- 4. Wys, identifiseer, verskille – (konkrete voorbeelde)
- VERSAMELNAME
- 5. Soektog…

# LIEDJIE: Sollie Soortnaam

- Sollie Soortnaam (x2)
- is baie sterk (x2)
- Hy kan alles sien en vat (x2)
- net soos hy wil (x2)
- (Wysie van: “Vader Jakob”)



# BYVOEGLIKE NAAMWOORDE







# RYMPIE:Byvoeglike naamwoord

**Bytjie hou daarvan om almal mooi te maak,**

**Hy is gelukkig as hy vir selfie kan aanraak,**

**vorm, grootte, emosies, tekstuur en kleur,**

**Ag sommer alles is vir hom ….**



# AKTIWITEITE

- 1. Prentjie-beskrywing
- 2. Maatjie-speletjie
- 3. Soek en pas
- 4. Groepwerk
- 5. Trappe van vergelyking





# Werkwoorde




Werkwoorde
Iets wat ek kan doen.
•Die dogtertjie verf 'n prentjie.
•Sy maak die huis skoon.
•Ek skryf 'n brief.

# WILLIE WERKWOORD

Willie werkwoord

- **WILLIE WERKWOORD woon in 'n klein huisie op die plaas. Hy boer met tien bokke en twee koeie. Elke oggend vroeg drink hy koffie en eet sy pap voordat hy veld toe gaan. Willie maak die hek van die kraal oop en jaag sy kudde veld toe. Dit is harde werk om heeldag die bokke en koeie op te pas, terwyl hulle wei. Saans as die son sak, is almal dik gevreet en sommer lekker vaak. WILLIE WERKWOORD gee een harde fluit. Bokke en koeie kom dadelik aangehardloop, want hul weet dit is nou tyd om huis toe te gaan.**













# KOM ONS SING..





As ons almal lekker saamwerk, **klap julle hande** (x2)
As ons almal lekker saamwerk (x3), **klap julle hande**
As ons almal lekker saamwerk, **stamp jou voete** (x2)
As ons almal lekker saamwerk (x3), **stamp jou voete**
As ons almal lekker saamwerk, **knik jou kop** (x2)
As ons almal lekker saamwerk (x3), **knik jou kop**
As ons almal lekker saamwerk, **doen al drie** (x2)
As ons almal lekker saamwerk (x3), **doen al drie**
*(If you're happy)*

# Aktiwiteite



1. Aksieprente, kaartjies
2. Prentjies, raai-raai, demonstreer
3. Willie werkwoord sê…
4. Dobbelsteen, mimiek, sinne, rolspel

# Vossie Voornaamwoord sê…

**ek, jy, hy, sy, my, hom, haar, ons, hulle, julle**






'n **Voornaamwoord** is 'n **woord** wat as plekhouer of plaasvervanger vir 'n **selfstandige naamwoord** dien.

# Besitlike voornaamwoorde










# Besitlike Voornaamwoorde

Dit wys dat iets aan iemand behoort.



Jy – jou – joune
Ek – my – myne
Ben – sy – syne
Ina – haar – hare



Ons het 'n goeie plan. Dit is ons plan. Die plan is ons s'n.



Mnr. Nel, u motor is groot. Dit is u motor. Die motor is u s'n.

253BA

Flash & Learn

# AKTIWITEITE



# Voorsetsels



## Voorsetsels

**Voorsetsels is verhoudingswoorde en verbindingswoorde.**

**Bv. Die atleet spring *oor* die hekkie.**

**Nog voorsetsels:**
**aan, agter, bo, buite, by, deur, in, met, na, om, onder, op, per, teen, ten, tot, tussen, uit, van, vir, voor**



# Voorsetsels…

**Swaai, swaai, swaai, apie maak 'n draai,**


**voor die tak en op die tak,**

**onder die boom en agter die boom,**

**tussen deur die blare en dan weer in die mik,**


***(Hop, hop, hop, perdjie loop gallop)***




in
bo
onder
langs
agter
voor
tussen




1. Demonstreer - (boks & bal)
2. Speletjie – instruksie/doen(Voorie sê …)
3. Slangetjie en leertjie
4. Balspeletjie
5. Gebruik in sinne
6. Leesstukkie


Selfstandige
naamwoorde
Byvoeglike
naamwoorde
Werk-
woorde
Voorsetsels




# ONS IS ALMAL DEEL VAN "WOORDSOORTE"

# RAP - WOORDSOORTE

- **Woordsoorte** is die ding
- as jy wil spel, skryf of sing.
- ***Sampie Soortnaam*** is ’n rakker
- jy kan hom sien en vat, hy’s wakker
- sonder dat hul laat spat.
- ***Byvoeglike naamwoorde*** maak woorde mooi
- As Sannie bloos soos ’n rooi roos
- toe ***Willie Werkwoord*** haar as sy meisie vra,
- om sy ring aan haar vinger te dra
- ***Vossie voornaamwoord*** hou hom sterk,
- hy doen selfs **Selfstandige naamwoorde** se werk.
- ***Voorsetsel*** spring rond en bont,
- op, onder, buite, binne,selfs op die grond,
- So word alle sinne gevorm,
- **woordsoorte** bly die norm.